# LAERSKOOL GAMTOOSVALLEI
# JAARVERSLAG

# 2023

## VOORWOORD VAN DIE SKOOLHOOF

Op 20 April 2023 spog Laerskool Gamtoosvallei met 120 jaar op sy kerfstok … en staan steeds sterk!

Die skool het ‘n ryk geskiedenis, vandat dit as ‘n moddersteengeboutjie begin en ontwikkel het tot ‘n volwaardige plattelandse skool met ‘n eie tradisie en trots.

Hier in die vrugbare Gamtoosvallei kweek ons veelsydige en standvastige jongmense - die vallei se kosbaarste uitvoerprodukte.

Oor die jare het een ding dieselfde gebly, die hartklop van ons skool... **ons kinders.**... ons “Gamtoostjinners”.

- hulle geniet dit steeds om kaalvoet te loop...
- die graad 5’s se draadkarre is net deur “Caddi’s” vervang .... dié van julle wat dink ‘n “Caddi” hou lewenslank, dink weer....
- as dit reën word die kinders van Andrieskraal steeds vroeg gehaal, omdat die laagwater-bruggies oorstroom…
- visvang, jag.... niks het verander nie...

2023 het al ons verwagtinge oortref. Nie net is ons skool 120 jaar oud nie, maar het die Kougadam na ‘n droogte van agt jaar sy wal oorstroom. Wat ‘n groot genade uit ons Hemelse Vader se hand!

As plattelandse skool staan ons sterk en trots in die Oos-Kaap en vertoon ‘n beeld van respek, vriendelikheid, lojaliteit en eerlikheid. Ons takel groot uitdagings en oorskrei die grense wat groter skole na hul asems laat snak.

Ons  jong en dinamiese personeel werk met ywer en toewyding en handhaaf hoë standaarde. Ons besef terdeë die belangrike rol wat ons moet vertolk in die kinders se lewens om positiewe rolmodelle vir hulle te wees. Mnr Christie Viljoen het aan die einde van die derde kwartaal die klaskamer verruil vir die oliebore in Namibië. Hierdie pos sal deur die Departement van onderwys gevul word. Juffrou Jané Viljoen gaan aan die einde van 2023 ook ons skool verlaat en verhuis na Queenstown. Ons hartlike dank aan die twee Viljoens vir jare se onbaatsugtige diens aan Laerskool Gamtoosvallei.

Hartlike dank aan ons Beheerliggaam, onder die bekwame voorsitterskap van Grewar Oosthuizen, wat oor die afgelope jaar hul taak met passie uitgevoer het. Jul onbaatsugtige diens word opreg waardeer.

Ons kan ook nie nalaat om die OOV, onder voorsitterskap van Jeanita Bezuidenhout, geluk te wens met die puik inkomste wat hulle gegenereer het nie, asook die samewerking wat onder die groep mammas  geheers het nie.

Die suksesse van 2023 kan toegeskryf word aan baie harde werk deur al die lojale ouers, leerkragte en leerders wat die ekstra myl gestap het. Ons is veral trots op die hoogs suksesvolle 120-jarige feesnaweek waartydens oud en jonk kon saamkuier en vriendskapsbande versterk, asook die hoogs vermaaklike  Toeka tot Nou- konsert.

Die skool het sover as moontlik gepoog om u op hoogte te hou van die afgelope skooljaar se aktiwiteite, projekte en uitslae deur middel van nuusbriewe, webblad en Facebook-blad.

Laastens wil ek elke leerder wie se droom vanaand bewaarheid word in die verkryging van een of ander erkenning, hartlik gelukwens.

Hiermee dan kortliks ‘n verslag van die afgelope jaar se bedrywighede.

Christelle McCabe
SKOOLHOOF

## 1. LEERDERGETALLE: Graad R – 7

| 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 150 | 158 | 183 | 191 | 212 | 208 | 212 | 216 | 208 | 216 | 203 |

## 2. PERSONEEL

Die afgelope jaar was die volgende onderwysers en administratiewe beamptes verbonde aan ons skool:

Mev. C. McCabe : Skoolhoof
Mnr. C. Viljoen : Departementshoof : Fasehoof - Seniorfase

Mnr. J. Coetzer : Graad 7
Mev. Y. Wethmar : Graad 6
Mnr. S. Barnard : Graad 5
Mej. C. Bothma : Graad 4
Mev. D. Coetzer : Graad 3
Mev. J. Viljoen : Graad 2 Fasehoof – Grondslagfase
Mev. C Bredenkamp: Graad 1

Mev. S. Visser : Gr. R Fasehoof – Dink en Doen
Mev. E. v. Jaarsveld: Kleuters
Mev. C. Pettit : Assistent en Nasorg

Mev. S. Grundling : Sekretaresse
Mej. W. Calitz : Finansiële beampte
Mev. H. Prins : Dink en Doen Assistent

Mnr. H. McCabe : Geboue en terreine
Mnr. E. Bozho : Algemene werker
Mnr. B. Smit : Algemene werker
Me. E. Joseph : Algemene werker

## 3. BEHEERLIGGAAM

Voorsittersverslag

Dit was vir ons as beheerliggaam weereens 'n groot voorreg om die jaar namens ons ouers by die skool se bestuur betrokke te wees.
Ons skool het vanjaar sy 120ste verjaarsdag gevier!
Ons het die verjaarsdag behoorlik gevier met 'n Lang Tafel funksie en die Toeka-tot-Nou konsert.
Wat 'n voorreg vir skoliere, ouers en onderwysers om deel te wees van 'n skool wat reeds vir 120 jaar lank bestaan.
Ons skool se geskiedenis is nou verweef met dié van die Gamtoosvallei en ons het saam met die mense van die vallei die afgelope 8 jaar 'n ernstige droogte ervaar.
Wat 'n groot stuk genade het ons almal ervaar met die Kougadam wat nou oorloop.
Ons dank ons Hemelse Vader daarvoor.

Beheerliggaam en Finansiële komitee

- Vir die 2023 jaar het die Beheerliggaam en die Finansiële komitee uit die volgende lede bestaan:

| | Beheerliggaam | | Finansiëlekomitee | |
|---|---|---|---|---|
| **Ouers** | Jansie Both | | Conray van Rooyen | |
| | Jeanita Bezuidenhout | | Grewar Oosthuizen | |
| | Allister Abrahams | | Naas Rautenbach | *Gekoöpteer* |
| | Conray van Rooyen | | Christof Opperman | *Gekoöpteer* |
| | Grewar Oosthuizen | | | |
| **Personeel** | Christelle McCabe | | Christelle McCabe | |
| | Christie Viljoen | *Bedank Sept 2023* | Junior Coetzer | |
| | Shaun Barnard | *Begin Sept 2023* | Wandie Calitz | |
| | Jané Viljoen | | | |
| | Sharon Grundling | | | |

- Ek wil graag die lede almal bedank vir hul bydrae die afgelope jaar.
- Dankie ook aan SG Ferreira wat vir die finansiële komitee steeds die jaar ondersteun het met sy betrokkenheid.

Kinders/Leerders

- Dit bly steeds my opinie dat Laerskool Gamtoosvallei 'n goed gebalanseerde leer- en onderrigervaring vir ons kinders bied.
- Die bewyse hiervan sien ons jaarliks by die hoërskole waar ons kinders verdere onderrig ervaar. Die jaar was weereens nie 'n uitsondering nie, met Oud-Gammies wat op vele terreine presteer het.
- Graad 7's, ons wens julle sterkte toe vir 'n nuwe avontuur by die onderskeie hoërskole wat julle vanaf 2024 gaan bywoon.

- Ek wil graag hiermee al die leerders gelukwens wat gedurende ons jaarlikse prysuitdeling op 26 Oktober 2024 beloon gaan word vir hul prestasies. Dit is die resultaat van harde werk deur ons leerders, goeie onderrig deur ons personeel en ondersteuning deur ons ouers.

- Gammies, julle is almal wenners in eie reg. Doen net jou beste in alles wat jy aanpak! En onthou, ons grootste taak is om 'n positiewe verskil in almal rondom ons se lewens te maak.

- Baie sterkte met die finale eksamens wat voorlê!!

Onderwysers en Personeel

- Gedurende 2023 is daar van ons personeel wat ons verlaat om nuwe uitdagings aan te pak:
    - Christie Viljoen het ons reeds aan die einde van die 3de kwartaal verlaat en ons wens hom sterkte toe met sy nuwe loopbaan.
    - Jané Viljoen verlaat ons aan die einde van die jaar vir 'n nuwe lewe op die plaas.
- Ek wil beide Christie en Jané bedank vir hul bydrae tot ons skool oor baie jare.

- Baie dankie aan al ons personeel, onder leiding van Christelle, vir jul harde en goeie werk. Onderwys bly 'n uitdagende beroep en ons waardeer julle baie.

Ouers en Gemeenskap

- Op watter wyse sê ons dankie aan ons ouers en gemeenskap vir hul betrokkenheid?
- Julle betrokkenheid by alle fasette van ons skool is merkwaardig. Julle ondersteuning onbaatsugtig.
- Aan al ons ouers, grootouers, familie, vriende en gemeenskap:

BAIE DANKIE!!!!

Finansies

- Ons skool se finansies is tans gesond en word so goed as moontlik bestuur.
- Daar is geen enkele ouer in ons skool wat nie skoolfonds betaal nie (uitgesluit 'n enkele pleegsorg ouer) en ek dank julle hiervoor.
- Aan almal wat betyds betaal, aan almal wat help met fondsinsamelings en op ander wyses 'n bydrae lewer, julle word opreg waardeer.
- Dankie ook aan ons borge wat ons steeds, deur droogtes en moeilike ekonomiese omstandighede, ondersteun.

Ons skool sou nie vanjaar sy 120ste bestaansjaar kon vier, was dit nie vir ons Hemelse Vader se liefde, leiding en genade nie. Ek dank hiermee ons Here dat Hy ons die geleentheid gee om deel te wees van ons wonderlike skool en gemeenskap.
Voorspoed, krag en wysheid aan ons leerders, onderwysers, personeel, ouers, borge en alle betrokkenes vir die res van die jaar!

Baie dankie
Grewar Oosthuizen
Namens die Beheerliggaam van Laerskool Gamtoosvallei

## 4. <u>OOV</u>

Sjoe, wat kan ek sê?!!!

Die afgelope 120 jaar al, maak Laerskool Gamtoosvallei staat op sy ouers en in besonder die OOV. Dit is ‘n spesiale groep mense wat hul hande opsteek en beslis skouer aan die wiel sit! Hierdie span het vanjaar weer daarin geslaag om meer as die begroting in te samel:

| | |
|---|---|
| Graad 1 | : Bianca van Niekerk<br>Hanna-Mari Opperman |
| Graad 2 | : Erika Nel<br>Janine du Preez |
| Graad 3 | : Doreen Pieters<br>Erica Nortje |
| Graad 4 | : Charné Ferreira<br>Charmaine Rautenbach<br>Ilze Oosthuizen |
| Graad 5 | : Jeanita Bezuidenhout<br>Juanita Vermaak (Bolla) |
| Graad 6 | : Lizanne Rautenbach<br>Sulette van den Berg |
| Graad 7 | : Danika Scheepers<br>Judy Schellingerhout |
| Onderwysers | : Christelle McCabe<br>Wandie Calitz |

Vanjaar was ook vir ons as OOV-lede baie spesiaal, omdat ons die skool se 120ste bestaansjaar kon vier. Gedurende die Feesnaweek was ons verantwoordelik vir die Langtafel en Memrobillia verkope.

Elke jaar word daar tydens die begroting ‘n bedrag bepaal, wat die OOV moet insamel. Hierdie fondse word aangewend om die skool se boeke te laat klop en sodoende verseker ons dat ons kinders gehalte onderrig ontvang. Ons kan dus nie genoeg dankie sê vir elkeen wat ons funksies ondersteun en bereid is om te help nie. Dit word opreg waardeer!

Met ‘n vol dam, bereidwillige ouers, uitstekende onderwysers, hardwerkende terreinpersoneel en God se genade, glo ek dat 2024 propvol goeie dinge sal wees!

Jeanita Bezuidenhout

## 5. GEBOUE EN TERREINE

**Dit is vir ons aangenaam om die volgende verbeteringe aan die skoolgebou en terrein aan u uit te lig.**

In hierdie verslagperiode was ons gedurig met die droogte te kampe. Ons moes die bietjie water wat ons gehad het spaarsamig gebruik vir eerstens, die ablusiegeriewe en daarna om net die geelhoutbome en die roostuin aan die gang te hou.
Daar is ook aandag aan die skoolgeboue gegee. Al die neonbuise is vervang met LED buise. Dit het 'n besparing op elektrisiteit bewerkstellig en ook die las op die kragopwekker verlig.
Die sportstoor is verdeel, deure ingebreek uit die wetenskapklas en naburige klaskamer.
Sodoende is vir die klaskamers, stoorkamers geskep.
Daar is 'n trapreëling by die saal aangebring.
Die konsertstoor het 'n dienluik gekry en die snoepie is daarheen verskuif.
Die kleedkamers in die pawiljoen het bankies gekry en is uitgeverf.
Verfwerk is ook gedoen aan Dink en Doen se badkamers, die trekkerstoor, asook die wetenskapklas.
Noodsaaklike jaarlikse onderhoud is aan die klimrame gedoen.
Die 120 Jaar-fees het ook baie tyd en aandag geverg. Daar is 50 kaasborde voorberei en verkoop. Elke koper het erkenning gekry op die erebord voor in die saal.

Hugh McCabe

## 6. FINANSIëLE VERSLAG

Dit bly 'n uitdaging om die finansies van 'n plattelandse skool te bestuur. Uitdagings wat gepaard gaan met hierdie skole is leerlinggetalle, departementele ondersteuning en die kapasiteit om genoegsame fondse te genereer om likied te bly. Vanjaar het egter, soos verlede jaar, sy unieke uitdagings gehad met die gepaardgaande droogte. Daar is egter flink opgetree deur personeel met betrekking tot besparings. Dit het daartoe gelei dat ons nog steeds salarisse en bedryfsuitgawes kon betaal.

Daar word jaarliks 'n begroting opgestel wat omsien na die operasionele behoeftes van die skool. Die skool se grootste inkomstebron is die skoolfonds. Om hierdie rede word daar 'n baie streng debiteurebeleid gehandhaaf. Agterstallige skulde word elke drie maande oorhandig. Uitgawes word streng beperk tot dit wat begroot is. Dit verseker dat die skool op koers bly en die doelwitte wat gestel word, verwesenlik. Geen oorhandigings het in die 2022/2023 boekjaar plaasgevind nie. Alle skoolgeld is ingevorder en dit getuig van uitmuntende finansiële praktyke.

Jaarliks vind daar 'n finansiële oudit deur Moore Ouditeure plaas. In 2023 het die verslag weereens getoon dat Laerskool Gamtoosvallei kan spog met gesonde finansiële praktyke.

Die skool kon dit regkry om oor die afgelope paar jaar 'n reserwe op te bou. Daar is tydens 'n begrotingsvergadering met ons ouers, onderneem om 50% van die oorwaarde van 'n betrokke jaar te bespaar en sodoende die ander helfte beskikbaar te stel vir kapitaalinvestering.
Hierdie beginsel van besparing het die skool in die posisie geplaas om in Oktober 2022, 'n splinternuwe skoolbus aan te koop uit hierdie fondse.

Die beheerliggaam is verantwoordelik vir verskeie leerkragte se salarisse. Dit opsigself beïnvloed die vermoë van die skool om meer vir ons kinders te doen. Dit bly egter 'n uitdaging vir 'n plattelandse skool om gehalte onderwys te gee en sodoende volhoubare leerdergetalle te kan hê.

Instandhouding van toerusting, geboue en terrein, asook die lopende bedryfskoste moet deur die skool self betaal word. Om die voortbestaan van gehalteonderwys van Laerskool Gamtoosvallei te verseker, is dit nodig om pro-aktief te wees met finansiële beplanning rondom operasionele kwessies. Daarom is dit nodig om in die langtermyn alternatiewe inkomstebronne te identifiseer om ‘n versekerde vangnet te skep, sodat die skool met selfversekerdheid meer kan bied vir ons kinders.

In ‘n gesamentlike onderneming met PSB is 3ha sitrus gevestig wat in die toekoms vir ons ‘n konstante inkomste sal verseker.

Dit is belangrik dat al die ouers die Begrotingsvergadering bywoon, sodat hulle kan sien waar die fondse vandaan kom en hoe dit aangewend word om die skool finansieel suksesvol te bedryf. Sodoende kan belangrike verbeteringe aan die skool aangebring word.
Ons skool is pragtig en ‘n kernpunt van belang in ons gemeenskap. Dit bring die gemeenskap bymekaar om te werk en te streef na ‘n instelling wat ons kinders so goed moontlik voorberei vir die hoërskool. Dit bly ‘n voorreg om jou kind tot Graad 7 in die huis te hê.

Ons opregte dank en waardering aan:

- Die OOV en hulle fondsinsamelingprojekte
- Ouers wat gereeld hulle verpligtinge nakom
- Borge en donateurs
- Goeie beplanning, sinvolle besteding en beheer deur die personeel en beheerliggaam
- Goeie administrasie deur die kantoorpersoneel

Conray van Rooyen

## 7. ADMINISTRASIE

Die volgende persone is verantwoordelik vir die administrasie van die skool:
Mev. S. Grundling - Sekretaresse
Mej. W. Calitz - Finansiële Beampte

## 8. LEERDERRAAD

Die leiers van 2023 het deur die jaar goeie karakter gewys en elkeen van hulle het ook gegroei as leier. Om ‘n leier te wees moet jy ‘n goeie ambassadeur van Laerskool Gamtoosvallei en vir die mede leerders ‘n voorbeeld wees. Die span van 2023 het glad nie afgesteek nie en was ‘n goeie voorbeeld vir die mede leerders. Dit is nie altyd ‘n maklike taak om ‘n leier te wees nie en daar is maar moeilike dae. Hierdie groep leiers het hul man gestaan en vasgevat waar nodig. Hul was streng en weet presies wat van hul verwag word.
Gedurende die jaar het hul ‘n gemeenskapsprojek geloots waar hul liefdadigheidswerk vir die organisasie, “God se hande”, gedoen het. Die leiers het om die beurt gaan help om kos uit te deel vir minderbevoorregte kinders. Die projek het elkeen van hulle hartsnare geroer en het hul laat besef hoe bevoorreg hulle is. Wat ‘n mooi gebaar leiers. Ons as Gammies is baie trots op julle en wens julle alle sterkte toe vir die pad vorentoe. Mag jul sukses behaal sover jul gaan.

Junior en Deandri Coetzer

## 9. FASEVERSLAE:

### 9.1 DINK EN DOEN

Die jaar het met ons vlerke gevat en gevlieg. Dit was ‘n besige jaar vol opwinding.
Dit is met groot dankbaarheid dat ons soveel aktiwiteite kon aanpak. Die maats het deelgeneem aan ons jaarlikse Kleure-Atletiek, Oupa- en Oumadag was weereens ‘n hoogtepunt, Toffie-Atletiek lekkerte, Markdag verkope, Konsert gehou saam met die groot skool, wat ‘n eerste was, Graad R se Gradeplegtigheid en ons jonger maats se Prysuitdeling. Daar het ook verskeie diere by ons kom kuier en die maats kon spontane, praktiese leer toepas. Daar was baie uitstappies, spesiale feesvieringe en ook heerlike boeresport.
Ons het ook in die tweede kwartaal ‘n behoefte ontwikkel vir ons jonger maats. Pokkelpensies het vlam gevat en ons 1 – 2 jariges kan kom speel saam met hulle oppassers. Juffrou Corné neem leiding daar om te help met aktiwiteite op hierdie twee dae.
Daar is tans 47 leerders by Dink en Doen waarvan 25 skoolpligtig is vir 2024.
Dink en Doen bestaan uit 2 klasse met 2 assistente:

- Graad R — Juffrou Sunelle Visser
- Kleuterklas — Juffrou Estée van Jaarsveld
- Assistent en Nasorg — Juffrou Corné Pettit
- Assistent — Kim Prins

Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons hierdie jaar gesond gehou het om met U kosbaarste besittings te kon werk. Dankie aan ‘n ouerkomitee wat altyd bereid is om in te spring en te help, ouers wat ons skool en onderwysers ondersteun en kinders wat ons werk vir ons ‘n plesier maak. Mag ons streef daarna om volgende jaar nog beter te wees en met elke kind ‘n spesiale pad te stap om sy/haar skoolloopbaan lekker te maak.

Sunelle Visser, Estée van Jaarsveld en Corné Pettit

### 9.2 GRONDSLAGFASE – GRAAD 1 – 3

Hierdie was ‘n besonderse jaar vir die Grondslagfase. Juf Chantelle het by ons aangesluit as die Graad 1-juffrou. Die span van 4 (Juf Chantelle, Juf Jané, Juf Karla en Juf Deandri) was weer volledig en het waarlik die “dreamteam” geword. Elke takie is met entoesiasme en volharding aangepak en uitgevoer. Met ‘n propvol klasskedule, pak die fase ook opleiding, modererings en fasevergaderings aan en elke dag is gevul met pret en kreatiwiteit. Ons daag mekaar uit en dus leer ons ook baie by mekaar en van onsself. Dit is met ‘n swaar hart dat Juf Jané ons aan die einde van die jaar verlaat op kraamverlof en ook gaan verhuis. Die grondslagfase vorm die basis van leer by Laerskool Gamtoosvallei en elke onderwyser vul ‘n spesiale plek in die fondament van leer.

Chantelle Bredenkamp, Jané Viljoen, Deandri Coetzer en Karla Moore

## 9.3 INTERMEDIêRE EN SENIOR FASE – GRAAD 4 – 7

Die 2023 akademiese, sport en kultuurjaar het omtrent verbygevlieg met al die bedrywighede waaraan ons deelgeneem het, asook aangebied het.
Sportdae, Ligawedstryde, 120 jaar Feesvieringe, Konsert en Farmrun om net ‘n paar op te noem, het gesorg dat ons ‘n propvol jaar agter die rug het.
Ons het ‘n nuwe personeellid by die Intermediêre fase verwelkom, mej. Chanelle Bothma. Baie welkom by die Laerskool Gamtoosvalleifamilie!
Die seniorfase onderwysers woon ook werkswinkels en kursusse by gedurende die jaar om te verseker dat hul aan die voorpunt van nuwe onderwysverwikkelinge bly en sodoende nuwe kennis aan ons leerders kan oordra.
Ons moes ook afskeid neem van Mnr. Christie Viljoen aan die einde van kwartaal 3 waar hy ‘n nuwe beroepsrigting gaan aanpak in Namibië.
Mnr. Christie het diep spore getrap by Laerskool Gamtoosvallei as HOD en Fasehoof van die Seniorfase.
Baie sterkte en dankie vir alles wat meneer vir ons by Laerskool Gamtoosvallei beteken het.
Ons sien uit na 2024!

Yolande Wethmar, Shaun Barnard, Junior Coetzer, Chanelle Bothma en Christie Viljoen

## SPORT: Binne skoolverband

## 10.1 ATLETIEK

Ons as skool was gelukkig om aan die einde van 2022 ons velditems van ons Kleurebyeenkoms te kon aanbied. Dit het ons atlete die geleentheid gegee om te kon fokus op die baanitems en ons vaardighede te verbeter. Ons atlete het ongelooflik goed gevaar en ‘n hele paar rekords gebreek by ons Kleurebyeenkoms in 2023:

Leewin Hendricks – Seuns o/12
- 800m Naelloop 2:50:16s
- 75m Hekkies 15:28s

Isabel Ferreira – Dogters o/11
- 70m Hekkies 15:79s

Chad Prinsloo – Seuns o/11
- 70m Hekkies 13:96s

Kaylin van der Merwe – Dogters o/13
- 75m Hekkies 14:68s

Laurenzo Kwaza – Seuns o/13
- 200m Hekkies 33:29s
- 80m Hekkies 13:59s

Petri van der Watt – seuns o/8
- 80m Naelloop 13:50s

Doné Mostert – dogters o/11
- Gewigstoot 8,83m

Ons skool het ook aan die Patensie Sone Atletiekbyeenkoms, asook die Kouga Atletiekbyeenkoms deelgeneem wat albei by Laerskool Gamtoosvallei plaasgevind het. Ons onderwysers het hulle staal as beamptes gewys en ons atlete het weer uitgeblink. Die volgende atlete was opgeneem in die Sarah Baartmanspan wat aan die OP-Atletiekbyeenkoms deelgeneem het in Mthatha.

- Chad Prinsloo
- Cobus Bezuidenhout
- Deon van Jaarsveld
- Kaylin van der Merwe
- Abigail Laubscher
- Doné Mostert
- Elmoné van der Berg

Ons is baie trots op ons atlete!

Shaun Barnard

**10.2 RUGBY**

**Rugby o/7**

Die seuns het goeie rugby die jaar gespeel. Ons spannetjie het aan verskeie sportdae deelgeneem. Met 'n handjievol seuns het die span nie teruggestaan vir enige skool nie.
Mnr Viljoen het baie tyd saam die seuns spandeer en vaardighede geleer. Die pienkvoete het gereeld agter die doellyn gaan kuier. Die seuns het lekker spangees en ons sien uit na die groep seuns in die toekoms. Sterkte met die volgende seisoen.

**Rugby o/9**

Die span was 'n baie jong groep wat bestaan uit Graad 2- en 3-spelers. Die jaar moes die seuns leer van lynstane, skrums en strafskoppe. Die span het begin met 'n sportdag by Laerskool Handhaaf. Die spannetjie het baie diepte gebou die jaar en volgende jaar gaan groot wees. Die spannetjie het baie talent en gaan kook!
Baie dankie aan ons afrigters, Dawson Ferreira en Merwe van der Watt. Die seuns het baie geleer by die afrigters.
Ons sien uit na die seisoen van 2024 en ons weet dit gaan 'n groot jaar wees vir die o/9-groep.

**Rugby o/11**

Dit was 'n baie goeie seisoen vir die span. Hulle staan bekend as die klein reuse.
Die span het in 18 wedstryde 323 punte aangeteken. Slegs 85 punte was teen die o/11-span aangeteken. Die span het groot skole soos Stulting, Frans Conradie en Sonop goed pakgegee.
Die span bestaan uit baie spoed, krag en talent.
Ons is trots op die seuns en baie van die manne gaan volgende jaar o/13 rugby speel.
Ons sien uit na 2024!

Junior Coetzer

**Rugby o/13**
Die o/13-span het die jaar weereens bewys dat met spanwerk en deursettingsvermoë, hul hoogtes kan bereik. Ons het die seisoen begin met 'n kragmeting teen Hoërskool Douglas van die Noord-Kaap. Daarna het ons Wes-Kaap toe getoer om groot skole aan te pak. Al was die span dun gesny die jaar, het ons baie goed gevorder en meer as 60% van ons wedstryde gewen. Ons het die jaar teen baie nuwe skole gespeel en baie nuwe vriende gemaak. Die seuns het karakter gewys en broederskap onder mekaar gekweek. Divan Theron, Ettiene Meyer en Laurenzo Kwaza was gekies vir die o/13 Kouga-rugbyspan. Leewin Hendricks het ons skool se naam hoog gehou by die o/12 Kouga-rugby, asook die o/12 OP-Jumbo's-span.

Shaun Barnard

## 10.3 KRIEKET

Die spanne het al in die eerste kwartaal begin deelneem aan 'n liga. Die o/11- en o/13-spanne is deel van 'n liga waar verskeie skole deelneem.
Die o/13-span het die jaar aan die Ses-aan-'n-kant toernooi by Swellendam deelgeneem. Die span het 8ste geëindig uit 14 spanne. Baie skole van die Wes-Kaap was deel van die toernooi. In die vierde kwartaal gaan daar nog 'n liga plaasvind waar ons o/11- en o/13-spanne gaan deelneem. In Oktober vind daar weer 'n Ses-aan-'n-kant toernooi plaas by Hoërskool Despatch, waar twee o/13-spanne gaan deelneem.
Die afrigters belê ook baie tyd in die Mini-krieket. Vaardighede word vir die seuns geleer en hulle gaan ook deelneem aan twee sportdae in die vierde kwartaal.

Ons sien uit na die seisoen van krieket.

Junior Coetzer

## 10.4 NETBAL

Die jaar 2023 was 'n baie besige en suksesvolle jaar vir ons netbal by Gammies. Die talent loop hoog hier in ons vallei. Ons meisies het verskillende sportdae bygewoon van Sondagsrivier tot in Joubertina. Laerskool Gamtoosvallei het ook ons eie twee sportdae gehuisves. Die Bulletjie- en Blommetjiedag was vir die o/6- tot o/9-spanne. Hierdie is 'n dag vol pret en plesier vir jonk en oud. Die o/6-meisies het ook hul eerste wedstryd op hierdie dag gespeel en in hul "tutu's" was hul net te spoggerig. Met die Interskole Sportdag steek ons nie af nie en gee ons vir skole en spanne, wat min ander speelkans deur die jaar kry, die geleentheid om ook deel te neem. Ons o/11- tot o/13-meisies het ook aan liga wedstryde deelgeneem. Die o/7- tot o/9-spanne is die geleentheid gebied om aan mini-netbal "festivals" deel te neem.

**Netbal o/7**
Dit was ons almal se eerste jaar van regte netbal. Ons het dit baie geniet. Die o/7-span het bestaan uit 10 meisies en almal het 'n beurt gekry om wedstryde te speel. Ons het geleer van die verskillende netbalposisies. Daar was baie gefokus op balvaardighede en voetwerk. Tannie Bianca van Niekerk het ons baie mooi gehelp en kon al die vaardighede vining baasraak. Ons hoofdoel was spanwerk en om netbal te geniet. Ons het by 'n netbalgeleentheid 'n kreet gemaak en ons het dit voor en na wedstryde en oefeninge geskree. Die spannetjie het die jaar vreeslik geniet en ons as skool sien uit om te sien hoe hierdie dogtertjies ontwikkel in kranige netbalspelers.

**Netbal o/8**
Ons o/8-netbalmeisies het in verskeie aspekte gegroei deur hierdie jaar. Ons het gefokus op voetwerk, balvaardighede en verskillende posisies. Ons het teen verskeie skole gespeel en die meisies het baie selfvertroue ontwikkel. Die o/8-meisies het in verskillende posisies gespeel soos voorgeskryf word deur netbalreëls vir mini-netbaltoernooie. Met die ruil van posisies kon mens sien waar die talente van die meisies is en het die meisies ook self ontwikkel. Ons meisies het ook ‘n spankreet opgemaak en dit tydens oefeninge opgevoer en selfs voor wedstryde. Ons sien uit om te sien hoe hierdie span net nog meer sal groei.

**Netbal o/9**
Hierdie jaar se o/9-meisies was genoeg vir twee spanne. Die A-span het hoofsaaklik aan sportdae deelgeneem en nie teleurgestel nie. Hulle het met soveel passie elke wedstryd aangepak en seker gemaak om trotse Gammies te wees, op en langs die baan. Hulle het Laerskool Gamtoosvallei se naam hoog gehou en het slegs een wedstryd hierdie seisoen verloor. Dit is werklik ‘n span om op trots te wees.
Die B-span het slegs aan een sportdag deelgeneem. Hulle het met ‘n positiewe gesindheid en groot opgewondenheid hierdie dag aangepak.
Hierdie groep meisies het goed saamgewerk en daar is verseker ‘n hele paar met hope talent wat definitief in die toekoms gaan naam maak.

**Netbal o/10**
Die o/10-netbalspan het die jaar baie vordering gemaak. Hul netbalvaardighede het met elke wedstryd verbeter. Hulle is baie lojaal teenoor mekaar. Die groep spelers vul mekaar goed aan, beslis ‘n span met baie potensiaal en pragtige waardes!
Geluk met ‘n goeie netbalseisoen o/10-span, juffrou sien uit na jul volgende seisoen!

**Netbal o/11**
Die o/11-meisies het baie goed gevaar gedurende die jaar. Hulle was passievol op die netbalbaan en het hegte verhoudings gevorm gedurende die jaar. Ons het op sportdae teen groot skole soos Handhaaf, Paul Sauer, Stulting, ensovoorts gespeel en niks keer ons om nie ons beste te gee nie. Dit was ‘n suksesvolle jaar en Juf. Chantelle is baie trots op hulle.

**Netbal o/12**
Die o/12-dogters was hierdie jaar die voorbeeld van spangees en deursettingsvermoë. Hulle het by elke oefening toewyding getoon en was trotse ambassadeurs van Laerskool Gamtoosvallei tydens elke wedstryd. Deur wen en verloor het hulle saamgestaan as ‘n span. Ek is baie trots om hierdie jaar die o/12-span se afrigter te kon wees. Ek sien uit na wat hierdie dogters nog gaan behaal. Baie geluk aan Lisa Slabbert en Hayley Young wat deurgedring het na die Kouga Proewe. Ons is baie trots op Hayley wat verder gevorder het tot die Sarah Baartman Proewe en uitstekend presteer het.

**Netbal o/13**
Die jaar het op ‘n hoogtepunt afgeskop waar die o/13-meisies na Hartenbos getoer het. Net toe ons arriveer het die spelers dadelik hul wedstrydklere aangetrek en was gereed om teen Milkwood te speel. Ons het ook aan Blanco se sportdag deelgeneem. Die meisies het baie goed gevaar en sowaar die seisoen reg begin. Dit was ‘n vol seisoen met baie sportdae en ligawedstryde. Alhoewel ons op-en-af dae gehad het, is ek baie trots op die meisies en wens vir hul als van die beste toe vir hul netbaltoekoms.
Deandri Coetzer

## 10.5 TENNIS

Ons tennisspan het die jaar deelgeneem aan die Uitenhage, Despatch en Jeffreysbaai tennisliga. Verskeie wedstryde word gespeel, tuis en weg.
Laerskool Gamtoosvallei wen Laerskool Susannah Fourie en Laerskool Innes.
Laerskool Gamtoosvallei verloor teen Laerskool Jeffreysbaai .
Ons het ook deelgeneem aan Laerskool Handhaaf se Klinicare Tennistoernooi asook Laerskool Stulting Sportdag Tennistoernooi. Die spelers het goeie wedstrydblootstelling opgedoen en toon uitstekende vordering met elke wedstryd wat hulle gespeel het.
Wel gedaan julle!

Yolande Wethmar en Chanelle Bothma

## 11. BIBLIOTEEK

Die biblioteek funksioneer goed, danksy die biblioteekprefekte wat pouses op hul pos is om leerders die nodige bystand te bied om boeke uit te neem.
Boekedag, die 4de Augustus, was 'n reuse sukses met al ons leerders wat soos hul gunsteling boekkarakter aangetrek het. Dié dag was daar ook 'n suksesvolle LAPA boekverkoping in ons saal aangebied wat gesorg het dat ons jong lesers hul persoonlike biblioteek kon aanvul.
Die biblioteek en die funksionering daarvan, streef om leerders 'n plek te bied waar hulle kan ontsnap na 'n ander wêreld wat moontlik gemaak word deur die lees van 'n boek.

Yolande Wethmar

## 12. KULTUREEL/ANDER

### 12.1 REDENAARS

Ons redenaars het weer hul staal gewys met hul deelname aan verskeie redenaarskompetisies die afgelope jaar.

**Radikale redenaars**
Die volgende redenaars het aan die Radikale Redenaar kompetisie deelgeneem:
Gr. 2 – Petri van der Watt en Jana Ferreira
Gr. 3 – WJ Erasmus
Gr. 4 – Edith van der Watt
Gr. 5 – Steph Muller
Gr. 7 – Leila Scheepers en Emdin Colling.
Baie geluk aan die groep redenaars wat ons skool se naam hoog hou.
Geluk aan Emdin Colling wat deurgedring het na die Oos-Kaap Streeksfinaal. Jana Ferreira en Steph Muller het ook deelgeneem aan die Nasionale Finaal in Johannesburg. Steph wen die Nasionale finaal van Radikale redenaars in die kategorie, Moedertaal Gr. 4 en 5. Baie geluk!

**ATKV-redenaars**

Drie van ons leerders het aan die ATKV-Redenaarskompetisie deelgeneem.
Gr. 2 – Jana Ferreira
Gr. 3 – WJ Erasmus
Gr. 5 – Steph Muller

Wel gedaan aan die deelnemers.
Baie geluk aan Steph Muller wat ‘n tweede plek behaal het tydens die ATKV Nasionale finaal in die kategorie, Afrikaans Huistaal Gr.4 en 5.

**Interne redenaars**

Verskeie leerders van Graad 4 tot Graad 7 het deelgeneem aan ons Interne Redenaarskompetisie wat gehou is gedurende kwartaal 1 (Afrikaans Huistaal) en kwartaal 3 (Engels Eerste Addisionele Taal). Leerders neem deel in twee kategorieë – Graad 4 en 5 vir die Junior kategorie en Graad 6 en 7 vir die Senior kategorie. Die leerders het puik toesprake gelewer.
Geluk aan elke deelnemer.

Yolande Wethmar en Shaun Barnard

**Pikkie Praat**

Die Grondslagfaseleerders het omtrent die jaar uitgehaal en gewys met die Pikkie Praat.
Die tonge het geklap en die woorde het gespat. Die beoordelaars het ‘n moeilike taak gehad.

Ons is baie trots op die Gammieleerders wat deelgeneem het. Dit is werklik ‘n groot prestasie.

Die wenners is as volg:
Die wenners van die Pikkie Praat vir 2023:

Graad 1
1ste plek : Leandro Meyer
2de plek : Liam Linden
3de plek : Juhke Barnard

Graad 2
1ste plek : Jana Ferreira
2de plek : Karla Immelman
3de plek : Emma Ferreira

Graad 3
1ste plek : WJ Erasmus
2de plek : Alana Moggee
3de plek : Wilbur Kanes

## 12.2 KONSERT

Ons skool is hierdie jaar 120 jaar oud en daarom was ons groot konsert van hierdie jaar ekstra spesiaal. Elke personeellid het hul moue opgerol en ingespring om dit 'n groot sukses te maak! Met 4 vertonings wat uitverkoop het, was daar maar baie senuwees, maar elke leerder het hulself gate uit geniet. Ons het besluit om ons 120 jaar te vier deur skoolgebeurtenisse van die verlede op te voer.
Die items was as volg:

- Glee Klub – Was 'n uitbeelding van die ou dae
- Graad 7 – 2023 : Graad 7 klaskamer
- Graad 6 – 1903 : Eerste skooldag
- Graad 5 – 2016 : Nuwe Pawiljoen
- Graad 4 – 1968 : Eerste skoolbussie
- Graad 3 – 1916 : Vloed
- Graad 2 – 2020 : Covid-19
- Graad 1 – 1980 : Pakslaeboek
- Dink en Doen – 1995 : Wêreldbeker en Dink en Doen begin
- Personeel – 2023 : Oud maar nog nie koud

Baie dankie aan elke personeellid, OOV mamma, Dewald en Wickus (beligting en klank) en 'n spesiale dankie aan oom Hugh en sy span.

Jané Viljoen

## 13. SPORT: Buite skoolverband

## 13.1 JUDO

Ek het die afgelope jaar die Judoklas in twee groepe gedeel om sodoende meer aandag aan die verskillende ouderdomsgroepe te gee. Dit werk baie goed. Die Judokas sal weer die einde van die jaar aan die Klubkampioenskappe deelneem. Hulle het in 2022 baie goed gevaar.
Om met die kinders te werk bly vir my 'n voorreg. Hulle leer om hul liggaam te verbeter deur oefening en leer dissipline en selfbeheersing aan, wat 'n baie belangrike rol in hul lewens sal speel. Die Judokas vaar baie goed by kompetisies en ek is trots op die groep kinders wat by ons skool Judo doen.

Marthinus Colesky

## 13.2 RITMIESE GIMNASTIEK

Wat 'n vinnige, maar heerlike jaar was dit nie vir my en die gimnaste van Laerskool Gamtoosvallei nie!!!
Dink en Doen-maatjies maak dat ek nie kan wag om daar te kom afrig op 'n Vrydag nie.
Soveel entoesiasme om te kan dans en gimnastiek doen, laat my as afrigster se hart warm klop.
Wat ons ouer gimnaste betref, wat op klubvlak deelneem, was dit 'n baie suksesvolle jaar.
Ons Patensiegroepie groei met 5 nuwe gimnaste.
Wat 'n talentvolle klomp meisies is hulle nie.
Hulle neem aan verskeie kompetisies deel, waar almal hul uitstekend van hul taak kwyt en sommer baie medaljes huis toe bring.

Baie geluk ook aan Elmoné van den Berg (vlak 5) en Zintle Maseti (vlak 7) wat hul Oos-Kaap Kleure verwerf het. Hulle het vanaf 29 September tot 4 Oktober aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelgeneem by Wits Universiteit. Hul het die klub en skool se naam hoog gehou.

Ek wil weereens die skool bedank dat ek jul kinders mag afrig. Dis vir my ‘n groot eer.

Nokkie Joubert

## 13.3 <u>BALLET- EN DANSKLASSE</u>

Studente van die Robyn D’Arcy School of Dance is tans besig met voorbereiding vir hul Royal Academy of Dance balleteksamens, wat vroeg in 2024, in Jeffreysbaai sal plaasvind.
Ons studente het ook onlangs aan die 2023 Nelson Mandela Bay Dance Festival deelgeneem en uitstekend gevaar in hul verskeie kategorieë.
Ons dansers sal op 4 Desember 2023 deelneem aan die jaarlikse Robyn D’Arcy School of Dance Showcase by Victory Kerk Jeffreysbaai.
Ons dank u vir u ondersteuning van die uitvoerende kunste.

Robyn D’Arcy

## 14. <u>MUSIEK</u>

Musieklesse, Klasmusiek en Gammies Glee-Klub :
Wat 'n voorreg om elke week vir kinders 'n waardering en liefde vir musiek te kweek!
In die klasse leer ons van en speel ons met klanke, bewegings, ritme, melodieë, instrumente, danse, note, tellings, ensovoorts.

Musieklesse na skool bied leerders die geleentheid om hul talente te ontwikkel en hulself op 'n musikale manier uit te druk deur middel van sang- en stemoefening, klavier, kitaar en musiekteorie.

Die Gammies Glee-Klub is gestig om vir ons Seniorleerders 'n ruimte te skep waar ons sang, musiek, orkes, instrumente en dans saam kan gebruik as musikale kunsvorm.

Ons voel ook geseënd om deel uit te maak van die 120 jaar feesvieringe!

Anmagreth van der Merwe

## 15. <u>KINDERKRANS</u>

Tydens 2023 het Kinderkrans net nog meer vlam gevat onder die Gammieleerders van Laerskool Gamtoosvallei.
Sommige Vrydae was dit so bietjie meer intiem en het elke klas in hulle klassie verkeer en ander Vrydae het ons besoekers in die saal verwelkom. Oom Karolus en Lente het selfs een keer kom kuier! Dit was PRET!
Onder leiding van ons wonderlike mammas wat ‘n hart vir Jesus en Sy koninkryk het, geniet die Gamtoosleerders dit vreeslik en is dit hulle hoogtepunt van die week.
Ons is baie dankbaar vir die mammas wat altyd so opgewonde is om ons Gammieleerders te ontvang en die Woord te deel.

Graad R : Ilze Oosthuizen
Graad 1 : Anneli Young
Graad 2 : Bianca van Niekerk
Graad 3 : Charmaine Rautenbach
Graad 4 : Shelly Rautenbach
Graad 5 : Judy Schellingerhout
Graad 6 : Estelle Kleinhans
Graad 7 : Danika Scheepers
Aflosse : Amarissa Griebenow, Tannie Lenie Nel

Chantelle Bredenkamp

## 16. MARKDAGGELDE

'n Groot dankie aan almal wat tot dusver deelgeneem het aan die markdae in 2023.
Ons gee graag vir u 'n uiteensetting hoe die verskillende grade hul geld aangewend het.

**DINK en DOEN en GRAAD R**

Bedrag : R15 170

- Fietsies aangekoop
- Sandspeelgoed en houers
- Opvoedkundige speletjies
- Balle - tennis, rugby, sokker
- Fantasiespeelgoed vir klaskamers
- Modderkombuis dak en kas voltooi
- Klaskamers verf en nuwe prente verf teen die muur
- Tema verwante speelgoed en prente
- Speelgoed vir klaskamers

**GRAAD 1**

Bedrag : R10 042

- Mat vir Graad 1 leeshoekie
- Lekkergoed vir leerders
- Leermateriale en hulpbronne deur Kobie Kleynhans
- Temagerigte materiale

**GRAAD 2**

Bedrag : R27 789

- Hulpmiddels vir klaskamer
- Prysuitdeling trofeë
- Opknap van speelgronde (Kwartaal 4)
- 120 jaar projek

**GRAAD 3**

Bedrag : R7 149

- Aankope van leermateriaal (Kobie Kleynhans)
- Kunsbenodigdhede
- Opvoedkundige speletjies as hulpmateriaal
- Skerpmakerhouers vir elke groep (Friekenfraai)
- Bederfies en beloninglekkers vir die leerders deur die jaar
- Opknap en mooimaak van speelgronde

**GRAAD 4**

Bedrag : R6 700

- Wiskunde apparate
- Leermateriaal
- Rak vir klas
- Taal speletjies
- Werkboeke/kaarte
- Aankoop van klei vir projekte

**GRAAD 5**

Vind plaas in vierde kwartaal.

**GRAAD 6**

Bedrag : R5 082

- Wiskunde apparate
- Leermateriaal
- Rak vir klas
- Taalspeletjies
- Werkboeke/kaarte

**GRAAD 7**

Bedrag : R4 166

- Onderrigmateriaal
- Elektroniese muurhorlosie vir klaskamer

## 18. BEDANKINGS

Dit is vir my ‘n eer en ‘n voorreg om die volgende bedankings te doen:

- Die **Departement van Onderwys**, FEDSAS en die S.A.O.U. vir u raad, bystand en leiding, veral mnr Pierre de Villiers vir sy waardevolle bydrae tot die onderwys in ons Distrik.

- Die **OOV** wat reuse werk gedoen het en sorg dat ons kinders en gaste lekker eet tydens sportbyeenkomste en funksies.

- Ons **Ouers,** die **Gemeenskap, Instansies** en die **Kerke**: U ondersteuning is van onskatbare waarde. Baie dankie!

- **Beheerliggaam**:
  Die Voorsitter, Mnr. Grewar Oosthuizen en sy span lewer uitstaande werk en stel altyd die skool, leerders en ouers eerste met besluitneming. Baie dankie.

- **Personeel**:
  Ek glo dat ons personeel een van die bestes is. Die leerders se belange kom altyd eerste. Baie dankie vir onbaatsugtige opoffering en pragtige prestasies op vele terreine.

- **Leerders**:
  Julle is voorwaar ‘n besondere groep kinders. Kinders wat veelsydig is en op hul voete kan dink. Ons kry baie goeie terugvoer vanaf die hoërskole rakende ons Gamtooskinders. Die skool is baie trots op julle.

- **Donateurs/ Borge:**
  ‘n Spesiale woord van dank aan elke donateur en instansie wat ‘n bydrae gelewer het tot die sukses van die skool.

- **Ons Hemelse Vader**
  U seën ons skool ryklik. Ons loof en prys U vir U goedheid.

  C McCabe